

“Missing the Obvious ? ”

... in kerkwees

**presies**

net soos Jesus Christus ons kom  
wys het.

'n Werksdokument aan  
elke getroue ouderling  
en dissipel  
van Jesus Christus!

*“'n Ouderling is immers 'n bestuurder van  
die huishouding van God...” (Tit 1:7).*

Van  
Jou ewige familie in Christus.

Aan  
Jou wat ook omgee vir sy kerk!

# Inleiding

Met die beste boek wat ooit geskryf is oor kerk, "Die Nuwe Testament", vat ons hande met Christene oor die wereld wat reeds wonderlike werk gedoen het in die praktiese uitleef daarvan, wat lei tot die spontane groei van Sy kerk.

Omdat die kerk 'n liggaamis, "n organisme" en nie 'n organisasie nie, sal die kerk, indien dit gesond is, soos alles wat lewe en gesond is, spontaan groei. Indien daar wanbalanse of siekte in 'n gemeente is, sal dit kwyn of selfs uiteindelik sterf.

Ons fokus is dan juis op "kerkgesondheid", en nie "kerkgroei" nie.

In die oorgaan tot fisiese aksie (doen), sal elke persoon wat hierby betrokke is baie duidelik bewus raak van sy totale afhanklikheid van die Here se genade. U sal besef hoe noodsaaklik dit is om Sy saad te saai en nog beter verstaan dat net Hy kan laat groei. In eie krag sal jy besef hoe totaal magteloos jy is - dit het my leer bid soos nog nooit tevore nie. En daarom is **gebed**, in wese ons vertrekpunt.

Waarom is hierdie proses noodsaaklik in Suid Afrika ?

Krimpende lidmaatgetalle in te veel kerke het 'n werklikheid geword. As enkele voorbeeld, die Gereformeerde kerk se statistiek (2011), toon dat lidmaatgetalle net die afgelope jaar met ongeveer 2500 gekrimp het, wat ongeveer 10 gemiddelde gemeentes verteenwoordig.

Daarom is hierdie swart woorde op wit papier gebore uit die harde ware feite. Dit is die weklikheid wat tot in die hemele uitroep - nou, meer as ooit!

Dit is net hartseer, dat dit dalende getalle is, wat baie van ons wakker geskud het, om te doen wat ons in elk geval nog altyd in gehoorsaamheid moes doen.

Omdat Jesus altyd op "**vingerafdrukvlak**" **betrokke was, is** dit 'n voorvereiste dat jy dieselfde doen **voordat** jy besluit om deel te neem, en ons,, en jyself, meer as enige iemand anders, sal graag van jou hoor.

## Christelike Beginsels

Al die beginsels lê in die Skrif. Die volle waarheid is reeds daar.

Dit is dus nie nodig om nuwe waarhede uit te dink nie, want dan kom die eer die mens toe en dit sou impliseer dat wat God in sy totaliteit vir ons gegee het, onvoldoende is, wat neerkom op afgodery.

Daarom is die foute wat ons maak “voor-die-hand-liggende” – “obvious” foute.

**Wat is dan, die “voor-die-hand-liggende” – “obvious”?**

**en**

**Wat moet ons vertrekpunt wees?**

### **1. Liefde**

*“God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom”(1Joh. 4:16).*

*...te danke aan God wat liefde is:*

- *is ons , kroon van Sy skepping,*
- *is ons na die sondeval, nie van die aarde afgegee nie, maar elkeen uit genade weer 'n kans gegee!*

*...te danke aan God wat liefde is:*

- *het Jesus Christus, as God die Seun, die Hemel verlaat, mens geword, m.a.w., "in die vel van 'n mens kom klim" en ons kom wys wat ... liefde in aksie is!*

### *...te danke aan God wat liefde is:*

- *het Hy ons genadetyd gegee om in liefde te antwoord op al die liefde wat ons (ek en jy) reeds van Hom ontvang het.*
- God se besondere openbaring van homself regdeur die Bybel, is een groot liefdesboodskap. Sedert die begin **praat** God met die mens deur die skepping, deur die wet en die profete en deur mense sodat ons Hom in sy liefde kan leer ken. So byvoorbeeld het God ...
  - In die Ou Testament sy wet met sy eie vinger op klip **geskryf**, sodat die mens in liefde Hom kan aanbid en dien en eer.
  - In die Nuwe Testament, kom God egter op 'n skaal van een-tot-een **wys**, wat liefde werklik is, want Jesus Christus kom gee aan liefde oë, ore, voete en hande.
- Die liefdesboodskap van God *in en deur Christus*, gaan dikwels by ons woordeskat en begrip verby, omdat ons nie die oorsprong, die besonderhede, die oorsig, die einddoel en omvangrykheid daarvan verstaan nie.
  - o *"Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie,<sup>7</sup> maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word"* Fil 2:6-7.
- Jesus Christus, wat dus die bewys van God se liefde is, behoort dus ons alles te wees!

### *"...wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom..."*

- *Wie in Christus bly, het die versekering dat Christus deur sy Gees ook in hom bly.*
- *Wie sonder liefde en dus sonder Christus is, is ook sonder God, want liefdeloosheid is goddeloosheid.*
  - o Is liefdeloosheid nie ook die rede waarom ons so 'n skewe "karakter-stempel" op alles en almal rondom ons afdruk nie? Want hy wat in Christus bly, kyk ook met liefdevolle oë na ander!
  - o Jesus se totale lewensverhaal is ook die volledige definisie van liefde.

- Wie sy voorbeeld navolg, moet daarom so naby aan Jesus se voetspore bly, dat ... "die stof van Sy voete aan ons klere kom sit"
- Ware kerkwees is regtig so eenvoudig en so ingewikkeld soos dit.

Kom ons wees kerk presies soos Jesus ons kom wys het!

Na meer as 'n jaar se in-diepte studie oor kerkgroei in die GKSA, waarby verskeie kerkdenominasies oor kontinente heen betrek is, bly die voorbeeld van ons Here Jesus die onveranderlike en grootste waarheid en eenvoudig die beste keuse waaroor ons ooit moet besin ...en hierdie besinning is dringend nodig - ***nou meer as ooit.***

- o Waar word God se liefde beter uitgeleef, of duideliker gesien en/of geopenbaar, as juis in persoonlike verhoudings tussen mense?

Jesus Christus is die volmaakte voorbeeld en die herskepper van verhoudinge!

- Omdat God die Vader, deur Sy onvoorwaardelike liefde wat Hy aan ons bewys het deur Sy Seun, met élkeen van ons'n persoonlikeverhouding het, verwag Hy ook dat ons Sy liefde moet uitstraal en uitlewe in ons verhoudings met ons medemens. Géén deel van ons lewe, of géén verhouding, MAG sonder God se liefde wees nie.En daarom dat Paulus baie duidelik in 1 Korinthiërs 16:14 sê: "Laat ALLES by julle IN LIEFDE geskied."

Te veel verloor ons as individuele Christene en gesamentlik as kerke, hierdie lewensperspektief.  
**"We are simply missing the most obvious"**

Ons moet hierdie waarheid oor die liefde nie net weet nie, maar voortdurend onthou, want ons groei en gedeel net solank liefde die hoofbestanddeel van ons kerklike wese is.

God wat ons beter ken as wat ons onself ken, weet dat ons voortdurend hieraan herinner moet word, daarom gee Hy die opdrag:

*"Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. <sup>6</sup> Hierdie gebooië wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. <sup>7</sup> Jy moet dit **inskerp** by jou kinders en met hulle daarvoor **praat** as jy in jou huis is en as jy **oppad is**, as jy gaan **slaap** en as jy **opstaan**. <sup>8</sup> Jy moet dit as herinneringsteken **vasbind** aan jou hande, en dit moet'n **merk** op jou voorkop wees. <sup>9</sup> **Skryf** dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte"(Deut.6.5-9).*

As die wese van alles wat ons uit genade van God ontvang, liefde is,  
 en liefde ook die inhoud en omvang van die "Groot Gebod" is,  
 ...hoe kan ons enige saak anders benader

as...in liefde, ...met liefde en...deur liefde !


Sonder liefde, is selfs die kinders van God net besig ...

- om 'n geraas te maak -  
(1Kor.13)

Kom ons vat hande en maak seker ons maak nie net geraas nie ...!,

Kom ons wees kerk,

presies soos Jesus ons kom wys het...!




Baie spesifiek - **wie** moet in Sy liefde bly ,naby aan Sy voetspore wees en eienaarskap neem in die bou van Sy kerk ?

## 2. "Ek"(my aandeel)!

Wanneer **ek** Bybel lees praat God met **my**.

- God die Gees woon in **my** en praat spesifiek met **my**.
  - o Die "ons en hulle, vyeblaar verskoning", is nie 'n wegkruipplek nie.
  - o Wanneer **ek** eendag voor Hom verskyn, moet **ek** alleen rekenskap gee oor wat **ek** gedoen het.
- God gebruik my om verlengstukke van Sy hande hier op aarde te wees en werk vir Hom te doen.
  - o Omdat God nie nog iemand soos ek geskape het nie, beteken dit, dat indien ek werk nalaat om te **doen**...sal dit nooit gedoen word nie.
    - Anders gestel, wanneer ek 'n spastiese ledemaat/lidmaat van die liggaam van Christus(Sy kerk) is, sal die gevolg van my afwesigheid in wat ek moet doen, 'n struikelblok vir die totale liggaam wees, want noodgedwonge moet ander gewillige ledemate/lidmaat wat dalk minder geskik is om te doen wat ek moes doen, die taak probeer vervul.  
Eers wanneer hierdie begrip deel van my wese is en ek **fisies oorgaan tot aksie**, het ek 'n doelgerigte lewe,  
**"Otherwise I am simply missing the obvious"**

*You can't hear God speak to someone else.  
You can hear him only if you are being adressed.  
-Ludwig Wittgenstein*



### 3. Die waarheid

Exodus 20.3-4 Jy mag naas My geen ander gode hê nie.4“ Jy mag nie vir jou'n beeld of enige afbeelding maak...

**Die** waarskuwing van alle waarskuwings, om by **die** Waarheid van alle waarheid te bly, ja selfs tot in ons gedagtes.

- Om ware kerk te wees, is dit absoluut noodsaaklik dat ons absoluut die ware beeld van God het.
  - o Hy is die begin die substans die omvang en die kern van alles.
  - o Wanneer ek 'n verkeerde of skeefgetrekte beeld van God het, is letterlik alles, van myself tot alles wat ek bedink en aanpak onwaar en skeefgetrek.
    - En dit is presies hoe satan daarin kon slaag om Adam en Eva te oortuig om die eerste sonde te doen.
  - o Die positiewe (volmaakte) beeld van God van, *“al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil”* behalwe net een boom (die waarheid), word verdraai na'n negatiewe en valsbeeld (afgodsbeeld), deur satan se eerste woorde *“Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?”* (die leuen).

Om ware kerk te wees, beteken dus om altyd soekend te wees na die waarheid.

En aangesien Jesus Christus die Waarheid self is, kan ons deur ons ondersoek van die Woord self, maar ook by hulle gaan leer wat reeds ondersoek ingestel het na wat Jesus gedoen het en gesê het, sodat ons in ons soeke na ware kerkwees kan sê: *“In U lig, sien ons die Lig”*.

### 4. Tempels van die Gees

Te veel mense verdwaal tussen die Ou en die Nuwe Testament, wat daartoe lei dat hulle God by die verkeerde adres gaan opsoek. God het vir ons as mens hier op aarde 4 adresse gehad en is tot die voleinding by Sy vyfde en laaste adres.

- Die eerste adres was die tuin (Gen 3:8) Waar hy saam met die eerste mensepaar gewandel het.
- Na die sondeval was dit die tweede adres, die tent van ontmoeting (Eksodus33:7-11) waar Moses met God namens die volk kon praat.
- Die derde adres was die tempel in Jerusalem.(1Konings 8:12-13)
- Die vierde adres is Jesus (1Johannes1:14) .Johannes skryf dat Jesus God se aardse tentwoning is.
- *Die laaste aardse adres voor die wederkoms is die Heilige Gees.*



*“Die Gees is nou God by ons, God in ons, Die Gees is Jesus se weggaan-geskenk aan elke gelowige. Nou bly die Gees by elkeen wat Christus as die Here bely. Nou is ons sy lewende, bewegende, asemhalende, pratende, singende tempels! Van staties na dinamies dus, vanaf geboue van klip na geboue van vleis en bloed!” (Stephan Joubert)*

Ons gaan dus nie kerk toe nie, ons is die kerk. Indien iemand vir jou vra, wanneer het jy laas ‘n sendeling gesien ? Kan jy hom antwoord, vanoggend toe ek in die spieël gekyk het.

## Ten slotte

Hierdie inleiding van die dokument is ‘n uitnodiging om deel te neem aan hierdie soektog na antwoorde en balans binne hierdie antwoorde, sodat ek en jy uiteindelik die voor-die-hand-liggende (the obvious) kan raaksien en **prakties** in ons elke dagse lewe kerk kan wees, presies soos Jesus ons kom leer het ! Dit is dringend noodsaaklik (**nou meer as ooit**), want die kerk van ons Here Jesus Christus, waarvan ons lidmate is, en die Here van die Kerk waarvoor ons lief is, het ons nodig!

*Reinier Muller*



## Uitreksels uit die boek “Jesus ‘n radikale sprong” van Stephan Joubert

Jesus het gekom om ‘n nuwe manier van leef, in die genadige teenwoordigheid van God, daar te stel.

Hy het ‘n nuwe verhaal beliggaam wat so mooi is dat hy die tekstuur van alles en almal in sy nabyheid verander het . Jesus se tydige verhaal het tydloos geword. Die andersheid en eenvoud hiervan was die rede vir die sukses. Geen nabootsing of middelmatigheid was ooit by Jesus ter sprake nie. Hy was die enigste sillabus, teks, pen en ook die hand wat die pen van sy eie nuwe verhaal vasgehou het. Hy het ‘n nuwe lewe voor God gratis en verniet beskikbaar gemaak.

Jesus het anders gepraat. Sy moedertaal, sy eerste taal, het bekende grammatikale klanke voorafgegaan . Meermale het Jesus gepraat sonder woorde. Sy sterkste vorm van praat was sy blote teenwoordigheid ! Die diepste betekenis wat Hy oor God gedeel het , is gekommunikeer in nie-verbale liggaamstaal. Vat maar sy vreemde geboorte, of die moord op Hom daar op Golgota wat kliphard gepraat het, maar sonder enige verbale inmenging. Trouens, die hardste en mees radikale taal wat nog ooit in menseheugenis gehoor, gevoel, gesien en ervaar is , is juis in Bethlehem en Golgota gebesig - totaal woordeloos! Jesus se grootste woorde ooit, woordeloos.

Sy eerste taal is die taal van sy eie lewe.

Sy luidkeels-taal is sy genadige nabyheid.

Hy skryf met sy vinger in die sand terwyl die godsdienstiges rondom Hom klippe bymekaarmaak om 'n ander owerspelige vrou te stenig

Hy sit sy arms rondom onbenullige klein kindertjies en seën hulle. Hy laat toe dat 'n straatvrou sy voete met haar hare afdroog. Hy eet en drink saam met sondaars. Hy doen dit, en nog baie meer, terwyl Hy die Koning is, op besoek vanuit die hoogste hemel, sonder kussings om saans op te slaap!

Kom ons gaan soek en ontdek weer vir Jesus ver buitekant die laer, daar waar Hy stroom op, uitdagend, anders, stilweg, genadig en liefdevol 'n nuwe groepie eietydse volgelingen bymekaar gemaak het om God se koninkryk op sy eie manier te laat aanbreek.

Maar hoor mooi, dit is 'n groot risiko om Jesus totaal los van ons godsdienstige versierings en kerklike verpakkinge te herontdek, want dit gaan ons almal se appelkarretjies onseremonieel omkeer...

Ons moet Hom op sy eie terme ontdek en navolg.

Dit vra opoffering. Dit vra 'n nuwe "jy" wat agter 'n "nuwe" Meester aanloop. Maar dit bring 'n nuwe vrede mee wat jou verstand laat duisel.

'n Herontdekking van Jesus op sy eie terme kan ons egter laat besef, ons het Hom vir veels te lank binne ons geestelike geriefsones probeer inpas. Ons het hom dalk plek plek probeer vasvang in ons belydenisse, ons teologiese uitsprake en ons liturgiese formuliere; en nie aldag in lewensveranderende belewenisse en egte verhoudings nie.

Starre godsdiens en die egte Jesus meng nooit nie.

Jesus se spiritualiteit behels nie die uiterlike nakoming van formele geestelike dissiplines nie. Dit gaan nie oor hoeveel keer Hy gebid het, of watter roetines Hy daagliks tydens sy "stiltetyd" gevolg het nie. Veel eerder gaan dit oor sy alles oorheersende liefde vir God. Wanneer Jesus in Matt 22 deur sy opponente uitgevra word oor die belangrikste gebod in die wet, antwoord Hy hulle nie in wetstaal nie, maar eerder in verhoudingstaal: **liefde**! Jesus se taal is dié van verhoudings, nooit die taal van wette, voorskrifte en reëls nie. Dis die nuwe geloofsbelijdenis, kompas en koers aanduiders vir Jesus.

## Die hartklop van Jesus se spiritualiteit is te vind in sy lewensritmes soos verwoord in Lukas 6:12-19.

Eers onttrek Jesus Hom om eenkant by God te gaan rus. Hy bid heelnag (v 12). Dit gaan oor Sy daarwees in die Vader se teenwoordigheid. Stilte, afsondering, gebed – dis Jesus se belangrikste roetewyser en kompas. Nee, nie gebed as 'n taakgedrewe, onpersoonlike soeke na antwoorde nie. Jesus wil Sy Vader se hartklop hoor en beleef. Jesus leef vir 'n Gehoor van Een; daarom dat die nabyheid van Sy Vader oorgenoeg is.

Die aardse Jesus is steeds die ewige Kind van God. Die Hebreërs skrywer onderskryf daarom sy aardse sondeloosheid (Heb 4: 15). Tog hoor ons ook in Hebr 2:10 dat Jesus hier op aarde ook moes leer om volmaak te wees. Hy moes met ander woorde groei in Sy nuwe, liminale aardse rol as Gestuurde en Messias. Sy daaglikse onderwerping aan sy Vader se liefdeswil en die inoefening van

'n lewe van gehoorsaamheid aan sy Vader tot in die dood was ook die rede vir sy gebed in Luk 6. Die voortdurende liefde vir die Vader bo alles was Jesus se enigste suurstof op aarde. Daarom was dit juis in sulke eenkant tye dat sy karakter deur die Gees geslyp is om die pad te stap wat Hy enduit moes kom stap. Jesus kon nie een enkele oomblik deurgaans sonder die liefdevolle kontak met sy Vader nie. Sy Vader se teenwoordigheid was sy huis, sy tuiste, sy rusplek.

Die tweede beweging binne Jesus se spiritualiteit is menswaarts, bediening-waarts (Luk 6:13). Dit is 'n beweging waar rus aanleiding gee tot bediening, nooit anders om nie. Na 'n nag in gesprek met die Vader kies Jesus sy binnekring, sy dissipelspan, met wie Hy die meeste van sy verhoudingstyd voortaan sou deurbring. Jesus se rustende, biddende daarwees by God lei tot aksie, nooit andersom nie. Hy reis vanuit sy veilige geestelike huis by die Vader na mense toe. Nee, Jesus is nie oppad soontoe om te rus nadat Hy bedien het nie. Jesus se daarwees in sy Vader se teenwoordigheid op die berg is veel eerder die sleutel tot sy bediening aan sy kerngroep waaruit sy kerk later voortspruit.

Om bloot net te wees is vir Jesus belangriker as om te doen. Daardie verhouding van stilte en afsondering by God is vir Hom die fondament, die hoeksteen vir elke daad, elke uitreik na mense. Jesus se geestelike ritme is soedoende altyd vanaf wees na doen, nooit andersom nie. Daarom dat hy nie geestelik afgemat geraak het nie, want al sy dae het vanuit sy identiteit as Seun van God voortgespruit. Dit was altyd verhoudingsmagtig, vanaf daardie diep, innige verhouding met sy Vader na die nabye verhouding met sy dissipels toe.

Die derde beweging van Jesus is na die toe wat nog nie deel van sy volgelingen is nie – 'n beweging na buite dus (Luk 6:17-19). Ook hierdie beweging lewenswaarts vloei voort uit Jesus se verhouding met die Vader. Nooit word die innige band met God gebreek wanneer Jesus mense bedien nie. Sy spiritualiteit is nie kompartementeel nie. Alles is geestelik vir Jesus! Alles wat Hy doen, spruit voort uit Sy lewensgemeenskap met God. Hieruit bou Hy die liefdespad na sy mense en na die groter wêreld toe deur verhoudings. Op hierdie ritmiese wyse gebeur Jesus se spiritualiteit Godwaarts, dissipelwaarts en wêreldwaarts op geïntegreerde maniere. Alles in Jesus se innerlike en uiterlike lewe is verbind, alles is in sinchronie met die Vader se wil. Daarom dat Jesus altyd vanuit hierdie Plek van rus aan die Vader se voete mense so effektief bedien.